
# SIMPLE TIPS TO HELP DETER THEFT FROM MOTOR VEHICLES

THE SAPS in has given these tips to help deter theft from motor vehicles as there is an increase in theft cases in town.

***DO NOT...*** leave your vehicle unlocked when you away from I, even for a short period. Make sure all windows and doors are secured before leaving the vehicle. ***BE AWARE...*** It is an offence to leave your vehicle unsecured and unattended. ***PROTECT YOUR VALUABLES.*** Do not leave your property (including IPOD's GPS's electronics and purses in plain view inside your vehicle, even if it is locked.


***LOCK ALL WINDOWS AND DOORS.*** When you are in your vehicle, whether driving or waiting, make sure all windows and doors are locked. ***ENGRAVE YOUR PROPERTY*** with your name or driver's licence and make a list of the serial numbers of your property. ***DO NOT...*** leave identification, important papers and credit cards in your vehicle. ***BE ON THE LOOKOUT...*** for anyone who is acting suspiciously or look out of place (ie. Looking in windows or checking parked vehicle). Make a note of the person's appearance, clothing and call Public Safety or the police immediately. You can also report any crime or suspicious activities.



Mnr Chadley Meyer, 'n onderwyser en

# LDA WILDSPROJEK AFGEHANDEL

DE AAR – Laerskool De Aar se jaarlikse Wildsprojek is onlangs afgehandel. Die volgende leerlinge verkoop die meeste boekies en ontvang kontantpryse as belonging. Hulle is Jeani Theron(11 boekies), Ane van Zyl (9 boekies), Marco De Carvalho en Adriano De Carvalho (8 boekies elk). Laerskool De Aar is dankbaar teenoor elkeen wat hierdie projek ondersteun het.




**Leerlinge van LDA wat die meeste Wildsboekies verkoop het tydens die jaarlikse Wildsprojek. Hulle is v.l.n.r: Jeani Theron (11 boekies), Ane van Zyl (9 boekies), Marco De Carvalho en Adriano De Carvalho (8 boekies elk).**

# *September begin met Boomplantweek*

DOEN vanjaar jou deel vir Boomplantweek wat plaasvind van 29 Augustus tot 4 September. Suid-Afrika vier jaarliks Boomplantweek in die eerste week van September met die Department van Bosbou, Visserye en die Omgewing, as bewaarder in Suid-Afrika, wat verantwoordelik is vir die veldtog.

Nasionale Boomplantweek is die ideale geleentheid om 'n beroep op alle Suid-Afrikaners te doen om inheemse bome te plant as 'n praktiese en simboliese gebaar van volhoubare omgewingsbestuur. Dit bied die regering, die privaatsektor, nie-regerings- en gemeenskapsgebaseerde organisasies en die publiek die geleentheid om betrokke te wees en deel te neem aan die 'vergroening' van hul gemeenskappe. 'Vergroening' verwys na 'n geïntegreerde benadering tot die plant, versorging en bestuur van alle plantegroei in ontwikkelde (stedelike) en minder ontwikkelde (landelike) gebiede, om veelvuldige voordele vir gemeenskappe te verseker.

Die Kannabasboom (Pompontree) is die algemene Boom van die Jaar en die Swartwattel is die skaarser boomsoort vir 2022.



# *SAAMSTAAN TEEN FAS*

DIT is daardie tyd van die jaar! Die 9de September is om die draai en FARR (Foundation for Alcohol Related Research) gaan weer vanjaar, soos sedert 1997, Internasionale FASA (Fetale Alkohol Spektrum Afwyking) dag herdenk. Ons nooi ieder en elk om mee te doen sodat ons kan saamstaan teen die voorkoming van babas wat gebore met skade as gevolg van voorgeboortelike alkoholgebruik. Ons kernboodskap bly steeds: "Geen alkohol is veilig tydens swangerskap nie."

Internasionale FASA-dag is 'n baie belangrike dag in die FARR kalender. Elke jaar poog ons om so wyd as moontlik uit te reik om sodoende soveel mense as moontlik te kan bereik en te betrek. In 2021 het FARR 'n baie suksesvolle 'social media drive' gehad en daardeur besef hoe groot die ondersteuning van verskeie gemeenskappe is. Gebasseer op hierdie sukses, het ons besluit om dit vanjaar te herhaal. Kontak gerus die FARR kantoor in jou omgewing (kontakbesonderhede onderaan berig) om FASA-bewusmakingsknope te kry en neem 'n foto wat jy voor of op 9 September met ons op sosiale media (Facebook en Instagram) deel. Gebruik *#fasdubuntunthemba* om dit te doen. Deur dit te doen verseker ons dat die bewusmakingsboodskap die vele mense wat toegang het tot hierdie platforms, bereik.

Tesame met die 'social media drive' het ons vanjaar ook die FARR 'Knit-A-Thon'. Hierdie initiatief het gedurende die COVID-19 inperkingstye begin, toe al meer mense, ook FARR-personeellede, weer begin het om die brei- en hekelnaalde op te neem. Baie eenvoudige breipatrone, soos die sogenaamde "Moeder Theresa truitjie" is gedeel (sien op FARR se fb en Instagram platforms). Vele truitjies wat gebrei is, is aan FARR geskenk om uit te gee aan babas en kleuters in die onderskeie dorpe in Suid-Afrika waar FARR projekte het. Die truitjies, ook vir jong kinders, is so groot in aanvraag dat ons besluit her om die 'Knit-A-Thon' te loods om aan hierdie behoefte te probeer voldoen en ook, om pret te hê. Die babatruitjies word gegee aan moeders wat FARR se Gesonde Moeder Gesonde Baba© Program suksesvol voltooi het.Om deel te neem aan hierdie veldtog, vra ons dat u 'n foto neem van uself wat besig is om 'n truitjie te hekel of te brei en dit dan op FARR se facebook en/of Instagram plaforms deel.

...rigter by HSDA is as die Hoofafrigter van ...e o/15 sewes rugby "Summergames" gekies ...at in Desember aan die Provinsiale sewes ...ernooi gaan deelneem.




...e leerders van Hoërskool Theron het goed ...vaar by die Race and Values Program.



# WHY IS IT.....

*A man wakes up in the morning after sleeping in an advertised bed, washes with an advertised soap, shaves with an advertised razor, sits down and drinks advertised tea or coffee, drives to work in an advertised car, writes with an advertised pen.*

*Then . . . he refuses to advertise, says advertising doesn't pay, but when his business fails he finally advertises "BUSINESS FOR SALE"*

**Hoërskool Theron se leerders het uitstekend gedoen by die Race and Values Program.**



**Leerlinge van Hoërskool Theron in Britstown in aksie tydens die Race and Values Program**




**HSDA se Matriekklas het die afgelop Vrydag, 26 Augustus hulle "40 Days" gevier. Die matrieks het die afgelope Maandag, 29 Augustus met hulle eksamen begin. Alle sterkte aan elke matriek!**

...Na 9 September beoog ons om die naam van 'n gelukkige deelnemer te trek en hom/haar met 'n prys te verras. Truitjies wat u wil skenk kan aan FARR gestuur word, kontak gerus een van die onderstaande nommers. Ons projekte in die omgewing kan net voortbestaan as gevolg van die wonderlike en voortgesette ondersteuning van ons borge: Globeleq/De Aar Solar, asook Sibona Ilanga Trust in Britstown Solar Capital De Aar wat reeds vir jare die De Aar-projek befonds. Scatec wat, ook reeds vir jare, die Hanover en Renosterberg (Philipstown, Petrusville en Keurtjieskloof) Projek moontlik maak.

Vir enige navrae of om betrokkenheid te bespreek, kontak die betrokke Projekkoordineerder in u area: Britstown: Me Rita Mentz: 084 621 5847, De Aar: Me Meryll Smit: 063 385 1961, Hanover: Me Cornel Stevens: 079 251 3588 en Renosterberg: Me Charlene Grobbelaar: 082 335 8893.



**Die FARR knoop.**



**Baie geluk aan Ane van Zyl (3de), Lienke du Plessis (2de), Roelf du Plessis (10de-Goue afdeling) en Christiaan Raath (13de) van Laerskool De Aar wat uitstekend gevaar het by verlede Saterdag se Rianbowkids tennistoernooi in Kimberley. LDA is trots op julle.**